



# basic education

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**VERBRUIKERSTUDIES**

**NOVEMBER 2014**

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae.

<b>VRAAG</b>	<b>INHOUD</b>	<b>PUNTE</b>	<b>TYD (minute)</b>
1	Kortvrae (Alle onderwerpe)	40	20
2	Die Verbruiker	20	20
3	Voedsel en Voeding	40	40
4	Kleding	20	20
5	Behuising	40	40
6	Entrepreneurskap	40	40
<b>TOTAAL:</b>		<b>200</b>	<b>180</b>

2. AL die vrae is VERPLIGTEND en moet in die ANTWOORDEBOEK beantwoord word.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Jy mag 'n sakrekenaar gebruik.
6. Skryf slegs met swart of blou ink.
7. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.
8. Skryf netjies en leesbaar.

**VRAAG 1: KORTVRAE**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.21 C.
- 1.1.1 Die grootste bron van inkomste vir 'n munisipaliteit:
- A Fondsinsameling
  - B Regeringsfondse
  - C Provinsiale fondse
  - D Eiendomsbelasting
- (1)
- 1.1.2 Die beste manier om energie te bespaar wanneer kos gaargemaak word:
- A Gebruik eerder die konvensionele oond as die mikrogolfoond
  - B Hou die stoofplaat op die hoogste verstelling om te verseker dat voedsel vinnig gaar word
  - C Maak eenskottelgeregte op die stoof of in die oond gaar
  - D Maak kos buite spitstye gaar en hou dit warm in die warmlaai
- (1)
- 1.1.3 Die glukemiese indeks rangskik koolhidraatryke voedsel volgens die snelheid waarteen ... in die bloedstroom vrygestel word.
- A energie
  - B glukose
  - C glikogeen
  - D suiker
- (1)
- 1.1.4 Identifiseer die gaarmaakpraktyk wat 'n jong, vetsugtige volwassene sal help om gewig te verloor:
- A Bedek vis met 'n beslag
  - B Geur vis met kruie
  - C Braai vis in olie
  - D Rooster vis in die oond
- (1)
- 1.1.5 Laktose-intoleransie ontstaan wanneer die liggaam nie die ... in melk kan verteer nie.
- A proteïen
  - B kalsium
  - C vet
  - D koolhidrate
- (1)

- 1.1.6 Identifiseer die drankie wat die immuunstelsel van 'n persoon wat MIV-positief is, sal versterk:
- A Koffie
  - B Lemoensap
  - C Tee
  - D Water
- (1)
- 1.1.7 Die kombinasie van voedsel wat tot hoë cholesterolvlakke sal bydra:
- A Botter, lamstjops
  - B Laevetmelk, 'lite'-margarien
  - C Afgeroomde melk, laevetjoghurt
  - D Sonneblomolie, sojabone
- (1)
- 1.1.8 'Sportdrag het straatdrag geword.' Hierdie stelling verwys na 'n ...
- A afname in mode.
  - B modeneiging.
  - C modesiklus.
  - D klassieke mode.
- (1)
- 1.1.9 As komplementêre kleure in die mode is, kan die volgende kleure saamgedra word:
- A Ligblou en donkerblou
  - B Blou en oranje
  - C Blou en bloupers
  - D Blou en groen
- (1)
- 1.1.10 'n Getekende verkoopsooreenkoms is 'n kontrak tussen 'n ...
- A koper en 'n huiseienaar.
  - B koper en 'n eiendomsagent.
  - C huiseienaar en 'n prokureur.
  - D huiseienaar en 'n huurder.
- (1)
- 1.1.11 Die bedrag wat aan die prokureur betaal word wat oor die oordragproses van 'n eiendom toesig hou, staan as die ...-fooi bekend.
- A oordrags
  - B aanvangs
  - C aktekantoor
  - D administrasie
- (1)

- 1.1.12 Die volgende onderskrywing toon dat 'n huishoudelike toestel aan spesifieke kriteria voldoen:
- A SANF
  - B SABC
  - C SABS
  - D SANVU ('SANCU')
- (1)
- 1.1.13 Toe Themba 'n huis gekoop het, het hy verbandbeskermings-versekering uitgeneem wat sal uitbetaal ...
- A in die geval van diefstal.
  - B vir die beskadiging van huishoudelike goedere.
  - C wanneer die gebou beskadig word.
  - D in geval van sy dood.
- (1)
- 1.1.14 Met betrekking tot deeltiteleienaarskap word 'n deel van die maandelikse heffing gebruik om ... te betaal.
- A verbandterugbetalings
  - B huishoudelike versekering
  - C waterverbruik van elke eenheid
  - D sekuriteitsreëlings
- (1)
- 1.1.15 Die totale bedrag wat vir materiaal en oorhoofse koste betaal word, verteenwoordig die ... van die items wat vervaardig word.
- A netto prys
  - B eenheidsprys
  - C ontwikkelingskoste
  - D produksiekoste
- (1)
- 1.1.16 Die volgende faktor sal verseker dat die eindproduk altyd dieselfde is ingevolge die voorgeskrewe kriteria:
- A Spesifikasie van die produk
  - B Kosteberekening van die produk
  - C Voorraadbeheer
  - D Netjiese werkplek
- (1)
- 1.1.17 Beplanning van die produksieproses is belangrik om ...
- A die produksie van produkte te versnel.
  - B mededinging onder die werkers te verhoog.
  - C bergingstoestande vir produkte te verbeter.
  - D kommunikasie met klante te verbeter.
- (1)

- 1.1.18 Koste soos registrasiefooi, aanvanklike aankoop van voorraad, aankoop van toerusting en 'n deposito vir die huur van 'n perseel word ... koste genoem.
- A afleverings-
  - B bedryfs-
  - C aanvangs-
  - D oorhoofse
- (1)
- 1.1.19 'n Kwaliteitsprodukt voldoen aan die volgende kriteria:
- A Die produk se naam is duidelik sigbaar; die klant kan dit nie miskyk nie.
  - B Dit word betyds deur goed opgeleide werkers geproduseer om bestellings na te kom.
  - C Dit voldoen aan die klant se begeertes en verwagtinge.
  - D Dit is 'n veilige produk wat die klante kan gebruik en het 'n waarborg.
- (1)
- 1.1.20 'n Entrepreneur in 'n landelike gebied moet sy/haar onderneming op/in EEN van die volgende adverteer:
- A Katalogusse
  - B Taxi's
  - C Facebook
  - D Tydskrifte
- (1)
- 1.2 Kies die korrekte woord/term tussen hakies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 1.2.1 Die koop van organiese katoenprodukte toon dat die verbruiker (ekovriendelik/begrotingsbewus) is. (1)
- 1.2.2 Herwinde tekstiele het 'n (lae/hoë) koolstofvoetspoor. (1)
- 1.2.3 Namaaksels van ontwerpersklere word algemeen by (vlooiemarkte/boeties) verkoop. (1)
- 1.2.4 Bamboes-tekstielstof is 'n voorbeeld van 'n (hernubare/niehernubare) tekstiel. (1)
- 1.3 Gee die naam van elke voedselverwante siekte wat hieronder beskryf word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 1.3.1 'n Toestand waar die glukosevlak in die bloed laer as die normale vlak daal (1)
- 1.3.2 Baie klein voedselinname tot op die vlak van oormatige en gevaarlike gewigsverlies (1)
- 1.3.3 Die are vernou, verdik en verhard (1)
- 1.3.4 Die immuunstelsel het 'n negatiewe reaksie op voedsel (1)
- 1.3.5 Gereelde voorvalle van eetvergryping en maaglediging (1)
- 1.3.6 Die voering van die derms word deur gluten beskadig (1)

- 1.4 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die tipe belasting in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.4.6 J.

<b>KOLOM A TIPE BELASTING</b>	<b>KOLOM B BESKRYWING</b>
1.4.1 Omgewingsheffing	A jaarlikse belasting gehef vir die instandhouding van paaie
1.4.2 Boedelbelasting	B sluit 'n heffing in, betaalbaar aan die Padongelukfonds
1.4.3 Brandstofheffing	C gevoeg by die verkoopprijs van gespesifiseerde goedere en dienste
1.4.4 Voorlopige belasting	D gehef op elektrisiteit wat opgewek word deur steenkool te gebruik
1.4.5 Belasting op toegevoegde waarde	E gehef wanneer eiendom gekoop word
	F betaalbaar op eiendom ná 'n landsburger se afsterwe
	G belasting gebaseer op ongereelde inkomste
	H belasting gehef om toerisme te befonds

(5 x 1) (5)

- 1.5 Identifiseer VYF faktore uit die lys hieronder wat 'n entrepreneur in ag moet neem wanneer 'n potensieel winsgewende besigheidsg geleentheid geïdentifiseer word. Skryf slegs die letters (A–J) langs die vraagnommer (1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

- A Doeltreffende gebruik van tyd
- B Verbruikersaanklank/Trefkrag vir verbruikers
- C Finansiële hulpbronne
- D Goeie kliënteverhoudings
- E Goeie kwaliteit grondstowwe
- F Menslike vaardighede
- G Instandhouding van toerusting
- H Bemaking
- I Franchise-mededinging
- J Besikbaarheid van werksruimte

(5)  
[40]

**VRAAG 2: DIE VERBRUIKER**

- 2.1 Definieer elk van die volgende terme:
- 2.1.1 Grysgoedere (2)
  - 2.1.2 Swendelary (2)
- 2.2 Noem DRIE voordele van sonenergie. (3)
- 2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Lindy werk vir 'n maatskappy wat vlekvrystaal vervaardig. Hierdie maatskappy verskaf grondstowwe aan vervaardigers van huishoudelike toestelle. Die werkers van hierdie maatskappy het gestaak en 'n salarisverhoging van 10% geëis. Na onderhandelinge is aan die werkers se eise voldoen.

Sy behoort aan 'n stokvel waar al die lede weet hoe die geld belê word. Tydens die staking het Lindy se yskas gebreek en het sy 'n nuwe yskas, met 'n metaalafwerking, gekoop met die opbrengs wat sy van die stokvel ontvang het.

Ses maande later, terwyl sy inkopies gedoen het, het sy opgemerk dat die prys van haar nuwe yskas drasties gestyg het.

- 2.3.1 Noem die Wet wat stokvelbeheer om billike besigheidspraktyk te verseker. (1)
- 2.3.2 Haal 'n sin uit die uittreksel aan wat aandui dat hierdie stokvel wettig is. (1)
- 2.3.3 Verduidelik hoe lidmaatskap van 'n stokvel Lindy gehelp het om 'n yskas te koop. (4)
- 2.3.4 Verduidelik hoe die waarborg wat Lindy ontvang het toe sy haar yskas gekoop het, tot haar voordeel kan strek. (3)
- 2.3.5 Skryf 'n paragraaf om moontlike redes vir die drastiese prysstyging van die yskas te bespreek. (4)

**[20]**



**VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING**

- 3.1 Gee DRIE redes vir die gebruik van bymiddels in voedsel. (3)
- 3.2 Verduidelik hoe voedselbestraling openbare gesondheid beïnvloed. (2)
- 3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Leerders by 'n skool in die stad het 'n naweekoorlewingskamp in 'n landelike gebied bygewoon. Die kampterrein was op die oewer van 'n rivier geleë. Hulle het spinasie en kool in 'n nabygeleë dorpie gekoop. Een van hul aktiwiteite was om koeie te melk en hulle kon die melk drink.

'n Week later het die meeste van die kampeerders erge maagkrampe en waterige diarree ervaar. Hulle is met *E. coli* gediagnoseer.

- 3.3.1 Gee VIER redes waarom die leerders met *E. coli* besmet is. (4)
- 3.3.2 Bespreek die behandeling van *E. coli*-infeksie. (4)
- 3.4 3.4.1 Gee 'n rede waarom osteoporose as die 'stille siekte' bekend staan. (1)
- 3.4.2 Verduidelik waarom osteoporose tot beenfrakture lei. (2)
- 3.4.3 Skryf 'n paragraaf en bespreek hoe osteoporose in jong volwassenes voorkom kan word deur die inname van:
- (a) Kalsium  
(b) Vitamiene en minerale  
(c) Proteïene (3 x 2) (6)
- 3.5 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**JY IS WAT JY EET ... EN WAT JY KAN BEKOSTIG**

Dit is bekend dat 'n gebrekkige mikronutriënt-status met voedselonsekerheid geassosieer word. Daar is berig dat anemie (bloedarmoede) as gevolg van 'n ystertekort in 2005 ernstige kommer in die Suid-Afrikaanse konteks gewek het. 'n Suid-Afrikaanse opname het bevind dat die voorkoms van ystertekort-anemie by alle deelnemers ouer as 15 jaar, 17,5% was. Daar is bevind dat vroulike deelnemers amper dubbel die voorkoms (22,0%) in vergelyking met manlike deelnemers (12,2%) het.

[Aangepas en vrylik vertaal uit *The Human Sciences Research Council Review*.  
Volume 11, Nommer 4, September 2013]

- 3.5.1 Definieer die term *voedselosekerheid*. (3)
- 3.5.2 Gee redes waarom meer vroulike deelnemers aan ystertekort-anemie gelyk het. (5)

- 3.6 Bestudeer die inligting hieronder wat op 'n etiket vir beskuit voorgekom het en beantwoord die vrae wat volg.

<b>DIABETIESE BESKUIT: xilitol, saad en semels</b>		
<b>Lys van bestanddele:</b> Steengemaalde koringmeel, karringmelk, xilitol (13,2%), kanola-olie, botter, sonneblomsaad (8,4%), gerolde hawermout, koringsemels (3,2%), eiers, lynsaad, bakpoeier, sout		
<b>VOEDINGSINLIGTING</b>		
<b>Gemiddelde waardes</b>	<b>Per 100 g</b>	<b>Per 25 g</b>
<b>Energie (kJ)</b>	1 933	483
<b>Proteïene (g)</b>	12	3
<b>Koolhidrate (g)</b>	52,9	13,2
<b>waarvan totale suiker (g)</b>	1,6	0,4
<b>Totale vet (g)</b>	21,2	5,3
<b>waarvan versadigde vet (g)</b>	7,1	1,8
<b>Vesel (g)</b>	9,8	2,5
<b>Natrium (mg)</b>	487	122

[Bron: [www.beasrusks.co.za](http://www.beasrusks.co.za)]

- 3.6.1 Identifiseer TWEE algemene allergene wat in die beskuit voorkom. (2)
- 3.6.2 Evalueer die geskiktheid van die beskuit vir 'n persoon met diabetes. (8)
- [40]**

**VRAAG 4: KLEDING**

4.1 Beskryf elk van die volgende stadiums van die modesiklus:

4.1.1 Bekendstelling/Begin (2)

4.1.2 Hoogtepunt/Piek (2)

4.1.3 Veroudering/Einde (2)

4.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**TERUG NA DIE 80's – KOEL PASTELLE**

Helder neonkleure en krytagtige pastelle is hoog in aanvraag hierdie seisoen, maar moenie dat pastelskakerings jou afskrik nie. Hierdie seisoen se vergrysde kleurtone ('dusty tones') is skerp en manlik, en laat die kleure in die mansklerekas ontplof.

[Vrylik vertaal: *Woolworths-tydskrif*, Lente 2013]

Beskryf die term *retrospektiewe mode* deur na die inligting in die uittreksel te verwys. (2)

4.3 Verduidelik hoe aankope by tweedehandse klerewinkels of motorhuisverkopings tot die volhoubaarheid van die omgewing bydra. (4)

4.4 Bestudeer die foto's hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

		
<p>Die paartjie is vir werk geklee.</p>	<p>Hierdie vlotblou, wit en grys gestreepte rok is van breistof gemaak.</p>	<p>Hierdie blou hemp met rooi en wit strepe is van katoenmateriaal gemaak.</p>

[Vrylik vertaal: [www.Truworhts.co.za](http://www.Truworhts.co.za)]

4.4.1 Verduidelik die optiese illusie wat deur die lyne op die rok en op die hemp geskep word. (2)

4.4.2 Evalueer die geskiktheid van die rok OF die hemp as items in 'n basiese werksklerekas vir 'n man of 'n vrou. (6)

**[20]**

**VRAAG 5: BEHUISING**

5.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Yaseem en Alyna, 'n jong getroude paartjie, is albei permanente werknemers van die regering. Saam verdien hulle meer as R300 000,00 per jaar.

Hulle huur 'n eenheid, wat aan mnr. Lilah behoort, in 'n kompleks, terwyl hulle 'n tweeslaapkamerhuis bou op 'n erf wat hulle met hul spaargeld gekoop het. Na voltooiing van die huis wil hulle so gou as moontlik met uitbreidings begin.

Alyna, 'n baie kreatiewe vrou, sien daarna uit om 'n droomhuis te skep. Yaseem is 'n nutsman en is ook lief daarvoor om tuine uit te lê. Hy sal toesig hou oor die bouproses.

5.1.1 Identifiseer en verduidelik die tipe huiseienaarskap vir:

(a) Die paartjie se verhuurder (3)

(b) Die paartjie, wanneer hulle in die huis intrek wat hulle bou (3)

5.1.2 Bespreek die tipe kontrak wat die paartjie geteken het toe hulle in die wooneenheid ingetrek het. (3)

5.1.3 Verwys na die scenario en bespreek die voordele wat die bou van hul eie huis vir hierdie paartjie inhou. (4)

5.1.4 Met inagneming van die stygende rentekoerse moet die paartjie op 'n vasgestelde of 'n wisselende rentekoerse besluit wanneer hulle vir 'n lening aansoek doen vir die uitbreidings aan die huis.

Kies die tipe rentekoerse wat die beste aan die paartjie se behoeftes sal voldoen en motiveer jou keuse. (4)

5.1.5 Bespreek die tipe behuisingsubsidie/-ondersteuning waarvoor Yaseem kwalifiseer. (3)

5.2 Noem VIER universele ontwerpkenmerke wat op enige moderne wasmasjien behoort te verskyn. (4)

5.3 Noem TWEE verantwoordelikhede van die verbruiker by elk van die volgende:

5.3.1 Wanneer 'n nuutgekoopte huishoudelike toestel afgelewer word (2)

5.3.2 Nadat 'n nuutgekoopte huishoudelike toestel afgelewer is (2)

5.4 Vergelyk die transaksies hieronder deur die tabel in jou ANTWOORDEBOEK oor te teken en te voltooi.

TRANSAKSIE	TERUGBETALINGS-TYDPERK	EKSTRA KOSTE
5.4.1 Huurkooptransaksie	(1)	(1)
5.4.2 Kontant by aflewering	(1)	(1)

(4)

5.5 Evalueer die impak van die gebruik van 'n elektriese tuimeldroër op die finansies van 'n gesin van vyf en die omgewing.

(8)  
[40]

**VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP**

6.1 Verduidelik elk van die volgende terme:

6.1.1 Teikenmark (2)

6.1.2 Winsopslag (2)

6.2 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**'N PASSIE VIR BESIGHEID**

Lea het Verbruikerstudies op skool geneem en sedertdien maak sy 'n verskeidenheid produkte wat sy van die huis af verkoop. Sy het besef dat sy haar gesin se inkomste kan aanvul deur die verkoop van hierdie produkte.

Lea het met resepte/patrone geëksperimenteer en slegs kwaliteit-grondstowwe gekies. Om die kwaliteit van die produkte te verbeter, het sy 'n kundige betaal om haar te help om etikette wat aan bedryfstandaarde voldoen, te ontwerp. Die produkte is netjies in aantreklike, reghoekige, deurskynende plastieksakke verpak. 'n Gesondheidsinspekteur is genooi om die perseel te inspekteer.

Sy het daarin geslaag om verdere verkope te beklink deur voorbeelde na winkeleienaars te neem en die besigheid het gegroei.

Die huis se binnehof is in 'n werksarea omskep. Drie mense is in diens geneem om met produksie help. Baie produkte is daagliks geproduseer en aan winkels in die gebied verkoop. Soos wat die aanvraag na die produkte gegroei het, is nuwe produkte op 'n jaarlikse basis by die reeks gevoeg.

Lea het ook in 'n rekeningkundestelsel belê om rekord te hou van finansies en voorraad.

**Besigheidsyfers:**

Aanvangskoste: R1 000,00

Verkoopprys van een van die produkte: R30,00

Omset: R60 000,00 per maand

Toerusting: R25 000,00

6.2.1 Noem DRIE voordele om ongeskoolde werkers op te lei. (3)

6.2.2 Produk is een van die 5 P's in die bemarkingstrategie/-samestelling. Verduidelik hoe Lea aan elk van die ander P's in die bemarkingstrategie/-samestelling voldoen het. (8)

6.2.3 Verduidelik hoe gereelde/roetine-instandhouding van die toerusting die besigheid kan bevoordeel. (3)

6.2.4 Gebruik die inligting in die gevallestudie om VYF faktore te identifiseer wat tot die sukses van hierdie besigheid bydra. (5)

6.2.5 Een van die produkte verkoop vir R30,00. Die produksiekoste vir hierdie produk is R12,00.

(a) Bereken die wins/profynt wat die entrepreneur op een produk maak. Toon AL die berekeninge. (3)

(b) Die entrepreneur se totale inkomste uit verkope is R60 000,00 per maand. As die entrepreneur 60% wins maak, bereken hoeveel wins sy per maand sal maak. Toon AL die berekeninge. (3)

6.2.6 Dit is baie moontlik dat hierdie besigheid sal voortgaan om 'n volhoubare wins/profynt te maak. Gee DRIE redes om hierdie stelling te ondersteun. (3)

6.3 Bestudeer die inligting hieronder en voorspel waarom Desember 2013 die beste verkoopscenario sal wees.

DESEMBER 2013	JANUARIE 2014
<b>Produkte gemaak: 100</b> <b>Produkte verkoop: 100</b> Verkoopsprys per produk: R25,95 Daaglikse verkope: $100 \times R25,95 = R2\ 595,00$ Grondstowwe: R505,00 Arbeid: 8 uur: R92,00 Vervoer: R15,00  <b>Produksiekoste:</b> $R505,00 + R92,00 + R15,00 = R612,00$  <b>Wins/Profyt per dag:</b> (verkope – produksiekoste) $R2\ 595,00 - R612,00 = R1\ 983,00$  <b>Maandelikse syfers (20 dae)</b> Wins/profynt per dag x 20 dae $R1\ 983,00 \times 20 = R39\ 660,00$	<b>Produkte gemaak: 100</b> <b>Produkte verkoop: 30</b> Verkoopsprys per produk: R25,95 Daaglikse verkope: $30 \times R25,95 = R778,50$ Grondstowwe: R505,00 Arbeid: 8 uur: R92,00 Vervoer: R15,00  <b>Produksiekoste:</b> $R505,00 + R92,00 + R15,00 = R612,00$  <b>Wins/profynt per dag:</b> (verkope – produksiekoste) $= R778,50 - R612,00 = R166,50$  <b>Maandelikse syfers (20 dae)</b> Wins/profynt per dag x 20 dae $R166,50 \times 20 = R3\ 330,00$

(8)  
[40]

**TOTAAL: 200**